SUIDWES
Landbou

VAKATURE

Die Suidwes Groep van Maatskappye, 'n dinamiese organisasie wat omvattende landbouverwante dienste lewer, met sy hoofkantoor op Leeudoringstad en SUIDWES FIN-bedryfspunte te Hoopstad, Bothaville, Wolmaransstad, Vryburg, Schweizer-Reneke en Christiana, beskik tans oor die volgende vakatures:

LEERLINGSKAPPE: KREDIETVERLENING

te

SUIDWES FIN: LEEUDORINGSTAD, VRYBURG, en SCHWEIZER-RENEKE

Suidwes bied tans die geleentheid aan mense uit die aangewese groepe (swartmense, Indiërs, kleurlinge en gestremdes) om in diens in 'n verskeidenheid van rekenkundige en administratiewe take opgelei te word. Indiensopleiding bestaan uit praktiese werk in Suidwes se Kredietverleningsdepartement. Die kandidate sal gereeld geassesseer word om hul bevoegdheid te bepaal.

Kandidate sal gedurende 'n drie maande-proeftydperk opgelei en geassesseer word in drie voorgeskrewe take en indien bevoeg bevind, kan 'n formele ooreenkoms tussen hulle en Suidwes vir 'n verdere nege maande gesluit word.

DIE SUKSESVOLLE KANDIDATE SE VERANTWOORDELIKHEDE SLUIT IN:

- **Om verskeie kredietverleningspakkette te bemeester en te bemark.**
- **Betrokkenheid by administratiewe prosesse wat met Kredietverlening verband hou.**
- **Om opleiding te ondergaan ten einde te voldoen aan die vereistes van die Kredietwet soos in die Wet omskryf.**

VEREISTES:

- **Matriek (Graad 12 met Rekeningkunde).**
- **Moet goeie kommunikasievaardighede op alle vlakke kan toepas.**
- **Moet onafhanklik kan funksioneer en eie inisiatief aan die dag kan lê.**
- **Rekenaarvaardigheid ten opsigte van die nuutste Office-sagtewarepakkette (veral Excel en Word) en die Internet.**
- **'n Kontrak met Suidwes vir die tydperk van indiensopleiding aan te gaan.**

Suidwes is verbind tot diensbillikheid.

Skakel Wentzel Theunissen by 018 581 1081 vir meer besonderhede, of doen skriftelik aansoek deur middel van 'n volledige CV (faksnommer 018 581 1510 of e-pos elrinavh@suidwes.co.za). Dui asseblief duidelik aan vir watter pos u aansoek doen.

Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum vir 'n onderhoud genooi word nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

SLUITINGSDATUM: 5 Augustus 2010

SUIDWES LANDBOU (Edms.) Bpk., reg. nr. 1990/006879/07

Die Eerste Keuse